C Wepener
Medewerker, BUVTON, Universiteit van Stellenbosch

# Nagmaalviering in die NG Kerk – tussen tradisie en vernuwing. Deel 1

ABSTRACT

**The celebration of the Lord's Supper in the Dutch Reformed Church – between tradition and renewal. Part 1**

In a series of three articles, the celebration of the Lord's Supper in the Reformed tradition is explored. Such a historical reconstruction enables us to weigh the praxis surrounding our current celebration of the sacrament against our tradition and the initial intentions of the Reformers. Therefore this article firstly looks at the current celebration and reception of the celebration of the Lord's Supper in the Dutch Reformed Church. This liturgical praxis is then placed against the historical development of the sacrament, focussing on Luther, Zwingli, Calvin, London, Frankenthal and the Netherlands. In conclusion some of the often forgotten intentions of the Reformers that came to the fore are highlighted. Part 2 of our series will describe the development in the celebration of the Lord's Supper in South Africa and thereafter place it within the context of the liturgical praxis concerning the Lord's Supper in the rest of the Reformed world.

## 1. INLEIDING

In die Santa Maria delle Grazie-klooster in Milaan is 'n muur met 'n bekende fresko daarop, getiteld "Die Laaste Avondmaal". Dit het die beroemde Italiaanse maestro van die Renaissance, Leonardo da Vinci, twee jaar geneem om te voltooi. Dit is ook 'n beeld wat met die verloop van die laaste bykans vyf honderd jaar 'n groot invloed uitgeoefen het op hoe mense die eerste nagmaalviering van Jesus en sy dissipels visualiseer. Al dertien van hulle, almal in 'n lang ry agter 'n netjies gedekte tafel, op stoele, Christus met uitgestrekte arms plegtig in die middel, met ses dissipels aan elke kant.

Ammerman *et al* (1998:17) vertel in hulle boek *Studying congregations* van 'n klein dogtertjie wat haar ma in die kombuis dophou waar dié besig is om die vlerkies van hoender wat sy wil kook af te sny. Toe die meisie haar vra hoekom sy dan die vlerkies afsny, antwoord die ma: "Want dit is hoe my mamma dit altyd gedoen het." Gevolglik gaan vra sy haar ouma en dié antwoord: "Want dit is hoe my mamma dit altyd gedoen het." Uiteindelik vra die meisie haar oumagrootjie en sy antwoord: "Omdat my kastrol te klein was."

In 'n reeks van drie artikels word die viering van die nagmaal in die gereformeerde tradisie verken. Só 'n historiese rekonstruksie maak dit moontlik om die huidige praktyk rondom die viering van die nagmaal in die NG Kerk in die lig van die gereformeerde tradisie en bedoelings van die Hervormers (veral Calvyn) te ondersoek. Sodoende kan die huidige stand van sake beoordeel word en sal daar dan ook uiteindelik enkele voorstelle op die tafel geplaas word. Hierdie eerste artikel in die reeks verken in 'n eerste afdeling die huidige nagmaalpraktyk en resepsie daarvan in die NG Kerk. Dié praktyk word in 'n tweede afdeling binne sy bepaalde historiese

ontwikkeling geplaas, spesifiek teen die agtergrond van die viering van die sakrament in die gereformeerde tradisie. In die konklusie word enkele van die dikwels vergete bedoelings van die Hervormers met betrekking tot die viering van die sakrament belig.

## 2. PRAKTYK EN TOE-EIENING

Om die huidige nagmaalpraktyk in die NG Kerk volledig te beskryf sal 'n haas onmoontlike taak wees. Soveel gemeentes, soveel variasies op die nagmaalliturgie. In die NG Kerk in Suid-Afrika kry 'n mens vandag klassiek-gereformeerde nagmaaldienste, met 'n volledige formulier en die tradisionele voorbereidings- en dankseggingsdienste; daar bestaan ook liturgiese vierings met litanieë, bykomende simbole, elemente uit die nagmaalliturgie van die Vroeë Kerk en ander variasies op die tradisionele; asook vryer meer ongestruktureerde charismatiese inkledings van die nagmaal. Elkeen van hierdie strome het bepaalde winspunte wat met vrug deur die ander strome aangewend kan word. Wat die toe-eiening van hierdie sentrale Christelike ritueel deur NG lidmate betref, bestaan daar ook leemtes.

Die Algemene Sinode het al by verskeie geleenthede probeer om hierdie hiate te ondervang. So byvoorbeeld is die gebruik van 'n alternatiewe verkorte formulier in 1974 vir die NG Kerk goedgekeur, en nog een in 1998. Heelwat gemeentes gebruik deesdae egter die nagmaalformulier net gedeeltelik of glad nie, of vervang dit met litanieë, ander gebede en variasies ten opsigte van die instellingswoorde, as alternatief of variasie op die tradisionele formuliere (vgl Heyns *et al* 2001). So het die Algemene Sinode van 1982 gevra vir 'n nagmaalformulier waaraan die gemeente aktief kan deelneem. Vir hierdie doel, en omdat die Sinode van oortuiging was dat meer variasie goed sal wees, het die Algemene Sinode van die NG Kerk van 1998 ook besluit om die Katoliek-Gereformeerde Diensorde goed te keur, asook 'n studiestuk getiteld "Ritueel en simbool rondom die viering van die nagmaal" as riglyn vir gebruik deur die kerk.[1]

Die hipotese van hierdie artikel gaan uit van die standpunt dat die probleem van toe-eiening van nuwere nagmaalliturgieë deur lidmate, die implementering van 'n weeklikse of maandelikse viering, asook die terughoudendheid ten opsigte van implementering van voorstelle deur kerkrade, veral rondom drie punte sentreer, te wete hulle verstaan van die tradisie, die tydsaspek en die praktiese uitvoerbaarheid van voorstelle. Hoe kan die nagmaal byvoorbeeld weekliks gevier word, en terselfdertyd reg laat geskied word aan selfondersoek? Daarom sal daar nou eers deur middel van 'n diachronies historiese voëlvlug gekyk word na die herkoms van ons huidige nagmaalliturgie in die NG Kerk. Hoe is die gereformeerde nagmaal in die verlede gevier? Wat was die ideale van die Reformatore ten opsigte van die nagmaalviering? Is ons huidige praktyk nog in lyn met Calvyn se beskouings oor die nagmaal?

## 3. HISTORIESE OORSIG

Ons begin die historiese oorsig deur ongelukkig die eerste 1 500 jaar liturgiegeskiedenis te negeer en kort voor die aanvang van die Reformasie die lyn op te neem. Dit is die tyd toe die Middeleeuse mis[2] sterker as enige ander Christelike ritueel tot die verbeelding van gelowiges gespreek het,

1 Sien Agenda van die Algemene Sinode van die NG Kerk 1998:251, 256-265, asook Handelinge 1998:511.

2 Die Rooms-Katolieke benaming "mis" het eers in die vierde eeu na vore gekom en dui op die Latyn vir die seën of wegstuur na afloop van die viering, ander terme is eucharistie of danksegging, nagmaal, "Lord's Supper", "Holy Communion" en Laaste Avondmaal om 'n paar te noem. Vir meer hieroor sien gerus Smit (1982:16).

